PREEK

OUERSKAP

PIERRE VAN RYNEVELD, 4 Maart 2001

Teks: Hebreërs 11:13-16

Verlede jaar in November is daar 'n wêrldwye opname gemaak deur 'n organisasie met die naam, Planet Project. Hulle wou uitvind oor die grootse kwessies van die lewe (*Life's bigger issues)*. Die kwessies wat hulle geïdentifiseer het was: Spiritualiteit, seks, selfbeeld, ouerskap, misdaad, drome en die huwelik. Dit is inderdaad die sake wat telkens weer in die nuus is en waaroor in populêre en wetenskaplike tydskrifte geskryf word. Dinge waaroor daar ook gepreek word, en gepreek behoort te word. Die een saak waaroor daar waarskynlik nog steeds te min geskryf word, is ouerskap.

Een van die kerkvaders van die vroeë kerk, Chrysostomus, het nogal uitgebreid geskryf oor ouerskap. Hy het ouers vergelyk met beeldhouers wat in hulle kinders die beeld van God help herstel. Hy gaan verder en vergelyk die ouerlike taak met Christus se taak. Soos Christus die leermeester is van die hele mensdom, is ouers die leermeesters vir hulle kinders. Hy is ook die een wat van die gesin praat as die klein kerkie en 'n heilige gemeenskap. Die verpligtinge van die ouers word deur hom in detail uitgespel: hulle moet vir hulle kinders die Bybel lees, saam met hulle bid en goeie voorbeelde wees. Verwaarlosing van kinders is vir Chrysostomus een van die ergste booshede en sondes wat daar is.

'n Navorser van die ou kerkvader, maak die volgende aanhaling uit sy geskrifte: "Ons's own virtue is not enough for salvation, but the virtue of those for whom we are responsible is also required." Dus, ons verlossing is eintlik afhanklik van die deugde van ons kinders!

Die meeste van ons sal waarskynlik voel dat dit darem te ver geneem is. Ons sou voel dat daar soveel invloede is wat vandag op kinders inwerk, dat ons as ouers nie vir alles wat hulle doen verantwoordelik gehou kan word nie. Ons sal voel om te sê: "moet asseblief nie my verlossing afhanklik maak van wat my kinders alles doen nie. Elkeen moet maar vir himself verantwoordelikheid aanvaar. "

Daar is seker genoeg aanduidings in die Bybel dat Chrysostomus bietjie eensydig was met daardie uitspraak. Dink byvoorbeeld aan Eli se twee seuns oor wie se gedrag hy treur, maar nie verantwoordelik gehou word nie. In Psalm 78 word kinders ook opgeroep om, anders as die voorouers, aan God gehoorsaam te wees. En in Esegiël 18 word die gebruik van die spreekwoord, "Die pa's eet groen druiwe en dan word die kinders se tande stomp.", verwerp as onwaar. Niemand kan sy ouers of die vorige geslag verantwoordelik maak vir sy eie optrede nie. Ons is elkeen vir onsself verantwoordelik.

Tog help Chrysostomus ons om die belang en invloed van ouers op kinders opnuut te beklemtoon. Kinders is inderdaad die vensters van die gesin. In die gedrag en lewe van kinders word daar tog 'n klomp dinge sigbaar van 'n huisgesin, wat andersins verborge sou kon gebly het. Kinders dra uiteindelik self verantwoordelikheid vir hulle lewe, maar niemand kan ook daarby verby kom nie dat hulle uiteindelik ook die produk is van 'n opvoeding. Daarom dat deur die eeue die belang van ouerskap binne en buite die kerk weer en weer beklemtoon is. Veral in die Reformasie is die taak van ouerskap uitgelig as belangriker as dit wat tot op daardie stadium as die hoogste roeping beskou is, naamlik die priesterskap en die monnikedom. Vir die kerkhervormers was om ouer te wees, groter en belangriker as om priester of monnik of non te wees. En dit was 'n radikale ander siening as die gangbare van die tyd.

Luther word aangehaal dat hy gesê het: "Sekerlik is vaders en moeders apostels, biskoppe en priesters vir hulle kinders, want dit is hulle wat hulle kinders bekendstel aan die evangelie. In kort is daar geen groter en meer edel outoriteit op aarde as die outoriteit van ouers nie, want dit is beide 'n geestelike en 'n tydelike outoriteit."

Daar is baie ouers wat te veel steun op die kerklike struktuur en sisteem vir die Christelike opvoeding van hulle kinders. Hulle dink dat die programme wat die gemeente aanbied (jeugaktiwiteite en kategese) sal genoeg van 'n hamer en bytel (Chrysostomus se beeld) wees om die kinders se geloof te vorm. Selfs die kerk het in die afgelope dekades gefouteer om meer aandag aan sulke kerklike aktiwiteite te gee, as aan die taak van die ouers.

Nuwe navorsing bevestig die ou wysheid dat die gesin die grootste potensiaal van alle instellings het om die geestelike en morele lewens van kinders te vorm. Daarom is die beste voertuie vir die oordra van geloof na kinders, eenvoudige gesinsrituele (gewoontes soos Bybellees, bid en kerkgang), diensprojekte deur die gesin (waar die gesin betrokke raak by dienslewering in die gemeenskap of kerk) en betekenisvolle gesprekke met kinders in die huis.

Die teks gaan oor 'n reis. Die gelowige word voorgestel as iemand wat op pad is. Die reis is nie altyd maklik nie. Dit is dikwels 'n reis soos vader Abraham s'n toe hy vir Isak gaan offer het: vol verwarring en onsekerheid; 'n ouer en 'n kind op pad met heeltemal verskillende idees oor wat aan die gang is. 'n Reis waarin die werklikheid van God dikwels as 'n veraf vaderland beleef word. 'n Gesoek na iets groter en beter vir ons en ons kinders te midde van die alledaagse stryd van die lewe.

Die verskil tussen die gelowige en ongelowige is nie altyd so duidelik sigbaar nie, maar volgens hierdie teks is daar 'n besliste verskil. Die ongelowige leef net vir nou en hier. Die gelowige sien iets in die verte, soos Abraham die berg Moria in die verte gesien het en maar gelowig aangestap het en uiteindelik ook sy oë opgeslaan het en die ram in die bos gesien het. Die ongelowige en gelowige huisgesin sal miskien in baie opsigte dieselfde lyk, maar as mens nader kyk behoort dit uit die gebruike en gewoontes en gesprekke duidelik te word dat die gelowige ouers iets in die verte sien en dit aan hulle kinders probeer oordra.

Die doop is vanoggend 'n teken van daardie iets in die verte wat ons sien, ons geloof. Soos 'n kers in 'n donker kamer. Dit is nie asof elke krieseltjie donker meteens daardeur uitgewis word nie. Die kers het maar 'n flikkerende liggie. Ons word geraak deur die negatiewe dinge rondom ons, die duisternis. Dit is nie asof ons in 'n heilige "bubble" leef nie. Ons tuur maar in die verte. En ons vertel vir ons kinders van Jesus en nie net van rooikappie en sneeuwitjie nie. Ons koop ook 'n kinderbybel en nie net rekenaarspeletjies nie. Ons neem hulle kerk toe en nie net na die fliek en die *mall* nie.

Al is ons ver van volmaakte gesinne, ons hou maar net aan om 'n "ander vaderland" na te jaag en ons help ons kinders om ook te tuur in die verte, om ook bewus te wees van iets meer as net die alledaagse. Mag dit wees dat ons kinders se lewens op die ou end sal getuig daarvan dat ons verlos is! Amen